I. KOSHUISBELEID

1. Inleiding

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van die Hoërskool Grens, soos die beheerliggaam dit in 2014 goedgekeur het. Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering en toepaslike provinsiale wetgewing.

Die koshuisbeleid en –reëls kan van tyd tot tyd deur die beheerliggaam gewysig, aangevul, verander of aangepas word.

LW. Alle toepaslike skoolreëls en die gedragskode van die skool sal geag word hierby inbegrepe te wees.

2. Algemeen

2.1 Daar word van inwoners verwag om die koshuisbeleid en -reëls te ken en na te volg. 'n Afskrif daarvan sal op die koshuis se kennisgewingbord vertoon word.

2.2 Elke koshuisinwoner is, buiten hierdie koshuisbeleid en -reëls, ook gebonde aan die skool se gedragskode vir leerders.

3. Toelating

3.1 Toelating tot die skool impliseer nie outomaties toelating tot die koshuis nie. Daar bestaan geen grondwetlike reg op koshuisinwoning nie.

3.2 Uitsluitlik die beheerliggaam reguleer en beheer toelating tot koshuise.

3.3 Aansoek om toelating tot die koshuis moet saam met die aansoek om toelating tot die skool geskied, tensy die beheerliggaam anders besluit.

3.4 Indien 'n leerder reeds tot die skool toegelaat is en koshuisverblyf verlang, behou die beheerliggaam hom die reg van koshuistoegang voor.

4. Losiesgeld

4.1 ’n Deposito is betaalbaar sodra die beheerliggaam die leerder se aansoek om toelating tot die koshuis goedkeur en bevestig.

4.2 Die deposito is nie terugbetaalbaar nie en sal aangewend word om die eerste kwartaal se losiesgeld te dek. (Indien ‘n leerder toegelaat is en die aansoek kanselleer, is die deposito terugbetaalbaar.)

4.3 Elke koshuisouer/voog/maatskaplike instansie is verantwoordelik vir die totale bedrag losiesgeld.

4.4 Losiesgeld is maandeliks vooruit betaalbaar, of soos skriftelik met die beheerliggaam ooreengekom.

4.5 Leerders mag in die koshuis aanbly slegs indien hulle koshuisgeld opbetaal is.

4.6 Koshuisinwoners moet ’n kwartaal kennis gee indien hulle die koshuis aan die einde van ‘n skooljaar gaan verlaat. Alle leerders moet, op die dag van sy/haar laaste eksamenvak aan die einde van die jaar, die koshuis verlaat.

II. KOSHUISREËLS

1. Gedragskode en Dissipline

1.1 Die koshuisouers, die personeel en koshuisleiers is verantwoordelik vir die handhawing van dissipline in die koshuis.

1.2 Koshuisinwoners moet die eerste dag van elke kwartaal in skooldrag by die koshuis arriveer. Hulle en hul ouers/voogde moet die koshuisouers gaan groet voordat hulle na die verskeie koshuise toe gaan.

1.3 Geen vorm van ontgroening word toegelaat nie.

1.4 Geen bakleiery of fisiese hantering van inwoners word toegelaat nie.

1.5 Inwoners mag nie op die skoolterrein of enige ander plek waar hulle as leerders van die skool/inwoners van die koshuis uitgeken kan word, rook, enige alkoholiese drank gebruik, of enigsins in besit van tabak, alkoholiese drank en verwante middels soos dwelms wees nie.

1.6 Enige seksuele of onbehoorlike fisiese kontak tussen inwoners op die skool- of koshuisterrein is streng verbode.

1.7 Haarstyle moet aan die skool se gedragskode voldoen.

1.8 Kleredrag

1.8.1 Skooldrag moet altyd netjies en skoon wees.

1.8.2 Kerkdrag moet netjies vertoon (geen hoede of musse nie)

1.8.3 Siviele drag moet van so ‘n aard wees dat dit nie die inwoner of die koshuis in die skande sal steek nie.

1.9 Geen inwoner mag deur enige koshuisvenster of op enige koshuisdak klim of die koshuis op enige ander manier binnegaan en/of uitgaan as deur die aangewese deure nie.

1.10 Geen inwoner mag ’n koshuiskamer buiten sy/haar eie binnegaan nie, tensy met die nodige toestemming, of vergesel van die betrokke kamerbewoner.

1.11 Inwoners sal alle persone, wat koshuispersoneel, mede-inwoners en besoekers insluit, te alle tye met respek en waardigheid behandel.

2. Besoekers

2.1 Alle besoekers moet by die personeellid aan diens aanmeld. Die betrokke inwoner sal geroep word om die besoeker by die voorgeskrewe besoekersarea (eetsaal se voorportaal) te ontvang.

2.2 Besoekers is onderworpe aan die koshuisreëls en moet dit respekteer.

2.3 Inwoners sal aanspreeklik gehou word vir die optrede van hulle besoekers.

2.4 Besoekers mag nie enige koshuiskamer sonder die toestemming van die personeellid aan diens binnegaan nie.

2.5 Besoekers mag nie tydens studie of na 19:00 (somer) of 18:30 (winter) in die aande besoek aflê nie.

3. Siekte

3.1 Wanneer ‘n inwoner gedurende skoolure siek word, moet skriftelike toestemming van die skoolhoof of adjunkhoof en die koshuisouers verkry word om die matrone te besoek.

3.2 Geen siek inwoner mag sonder die nodige toestemming in sy/haar kamer bly/gaan lê nie.

3.3 Geen selfoon of musiek word toegelaat as die leerder siek is nie.

3.4 Ouers kan met die koshuisouers skakel wat die siekte en behandeling van hulle kinders betref.

3.5 Leerders wat nie ‘n mediesefonds het nie, sal na die Nahoon-kliniek vir behandeling geneem word. Indien dit ernstiger is, sal die leerder na die staatshospitaal nl. Frere geneem word.

4. In- en uitteken

Die doel van die in- en uittekenbeleid is om die inwoners en die skool en koshuis te beskerm.

4.1 Naweke:

4.1.1 Uitnaweke: Gedurende ’n uitnaweek moet alle inwoners die koshuis verlaat en is dit nie nodig om die koshuishoof in kennis te stel nie. Indien die inwoner egter nie na sy/haar ouerhuis gaan nie, moet die ouer die koshuishoof skriftelik in kennis stel van waar die inwoner die naweek sal bly.

4.1.2 Opsionele naweke:

Hierdie naweke begin ná sportaktiwiteite op Saterdae, of net ná skool op Vrydae indien geen sportaktiwiteite plaasvind nie. Ouers moet die koshuishoof, nie later as die voorafgaande Donderdag nie, in kennis stel indien hulle hul kinders vir die naweek sal kom haal. Sodanige kennisgewing kan skriftelik, per faks, telefonies of per e-pos (grenskoshuis@gmail.com) geskied.

4.1.3 In-naweke:

Geen inwoner mag gedurende dié naweke uitteken nie. Aan die begin van elke kwartaal ontvang elke inwoner ’n kwartaalrooster, waarvolgens ouers hulle beplanning kan doen.

Naweke gedurende eksamens is in-naweke vir inwoners wat nie huis toe gaan nie. Inwoners mag dus gedurende hierdie naweke huis toe gaan, maar nie na vriende toe nie. Ekstra studietye word gedurende hierdie naweke gereël om inwoners vir die eksamen te help voorberei.

4.2 Vakansies:

Dieselfde prosedures wat op uitnaweke van toepassing is, geld vir in- en uitteken gedurende vakansies.

4.3 Uitteken: Elke koshuis het ’n uittekenboek. Indien ’n inwoner vir ’n naweek huis toe gaan of die koshuis om enige ander nie-skoolverwante rede verlaat, moet hy/sy uitgeteken word, hetsy deur sy/haar ouers of ’n persoon wat oor ’n toestemmingsbrief van die ouer beskik.

4.4 Inteken:

Inwoners, saam met hul ouer(s) of die persoon wat gedurende die naweek of vakansie vir die inwoners verantwoordelik was, meld met die inwoners se terugkeer na die koshuis by die personeellid aan diens aan.

5. Studietye

5.1 Die volgende reëls geld gedurende studietye:

- Leerders mag nie met mekaar praat nie.
- Leerders mag nie eet en/of enige vloeistof drink nie.
- Leerders mag nie rondloop of hulle lessenaars verlaat nie.
- Leerders mag nie ander leerders se konsentrasie verbreek nie (bv. tik van pen).
- Die meubels mag nie geskuif word nie.
- Leerders mag slegs met die toestemming van die toesighouer die lokaal verlaat.
- Leerders mag glad nie hul selfone gebruik nie.
- Telefoonoproepe mag slegs in noodgevalle gemaak en ontvang word.

5.2 Studietye is soos volg:

5.2.1 Gedurende die kwartaal:

- Ma., Di. en Do. 16:00-17:00
- Ma., Di., Wo. en Do. 19:00-19:45 en 19:50-20:30
- Vr., Sa. en So. saal of kamerstudie (tyd word deur personeel bepaal)

5.2.2 Gedurende die eksamen:

- Ma., Di. en Do. 14:45-15:45 en 16:00-17:00
- Ma., Di., Wo. en Do. 19:00-19:45 en 19:50-21:00
- Vr., Sa. en So. saal of kamerstudie (tyd word deur personeel bepaal).

5.3 Studielokale moet ná elke studietyd opgeruim word.

- Alle papiere en rommel moet in die vullisblikke gegooi word.
- Die vensters moet toe gemaak word.
- Die ligte moet afgesit en die deure gesluit word.
- Koshuisleiers is verantwoordelik om toe te sien dat die studielokale ná studietyd in bogenoemde toestand gelaat word.

6. Etes

6.1 Etenstye is soos volg:

Weeksdae
Ontbyt 6:40
Middagete 14:00
Aandete 17:30

Naweke
Ontbyt 8:00
Middagete 12:30
Aandete 17:30

6.2 Die koshuisleiers is verantwoordelik vir die dissipline in die eetsaal.

6.3 Inwoners moet die eetsaal stil en ordelik binnegaan.

6.4 Geen inwoner mag om enige rede van ’n ete ontneem word nie.

6.5 Kospakkies word gegee vir enige inwoner wat op ‘n skooluitstappie gaan (sport, akademies of kultuur), mits dit vroegtydig gereël word (ten minste drie dae voor die uitstappie).

6.6 Geen inwoner mag gedwing word om enigiets teen sy/haar sin te eet of te drink nie, maar moet by elke ete teenwoordig wees.

6.7 Inwoners moet ná elke ete die tafels afdek. Geen kos mag op die vloere afgevee word nie. Die borde en messegoed moet in die bestemde houers gepak word.

6.8 Geen kos, borde, messegoed, glase of enige ander kombuisware mag uit die eetsaal verwyder word nie.

6.9 Indien ’n inwoner nie ’n ete kan bywoon nie of vir ete gaan laat kom, moet hy/sy die matrone vroegtydig inlig.

6.10 Geen selfone mag in die eetsaal gebruik word nie.

7. Selfone

7.1 Selfone word op eie risiko in die koshuis ingebring.

7.2 Geen oproepe mag gedurende etenstye of studietye ontvang of gemaak word nie.

7.3 Alle selfone moet met ligte-uit afgeskakel word.

7.4 ’n Inwoner se selfoon mag van hom/haar weggeneem word indien hy/sy nie die reëls gehoorsaam nie. In so ’n geval sal die inwoner ’n skriftelike skulderkenning onderteken waarin die inwoner erken dat hy/sy kennis dra van die bepalings van die koshuisreëls en die strafsanksie dat sy/haar foon afgeneem mag word.

7.5 ‘n Selfoon sal vir een dag afgeneem word die eerste keer wanneer die inwoner bogenoemde reëls oortree, vir twee dae die tweede keer, ens. tot ‘n maksimum van sewe dae vir elke oortreding.

8. Wasgoed

8.1 Elke inwoner se klere moet duidelik gemerk wees.

8.2 Elke inwoner is daarvoor verantwoordelik om op Maandagoggende sy/haar wasgoed waskamer toe te neem en weer die Woensdagmiddag na middagete af te haal.

8.3 Wasgoed wat vir langer as 24 uur in die waskamer gelaat word, sal verwyder word.

8.4 Geen inwoner mag ’n ander inwoner se wasgoed sonder die nodige toestemming afhaal nie.

9. Breekskade

9.1 Breekskade moet onmiddellik by die betrokke personeellid of koshuisleier aangemeld word.

9.2 Opsetlike skade aan koshuis- of skooleiendom sal tot dissiplinêre stappe lei.

9.3 Inwoners moet alle koshuiseiendom met die nodige versigtigheid hanteer.

10. Koshuisleiers

10.1 Elke koshuis moet sy eie koshuisleiers kies. Vir hierdie doeleinde word die inwoners jaarliks die geleentheid gegee om aan ’n demokratiese verkiesing deel te neem.

10.2 Koshuisleiers is verantwoordelik vir algemene koshuisdissipline en moet die koshuisouers en ander personeel met die handhawing van dissipline bystaan.

11. Ligte-uit en opstaantyd

11.1 Ligte-uit is om 22:00 en sal deur ’n klok aangedui word. Geen inwoner mag na 21:30 voor ligte-uit sy/haar kamer verlaat nie.

11.2 Stilte moet ná die lui van die ligte-uit-klok gehandhaaf word. Alle radio’s, elektroniese toerusting en selfone moet afgeskakel word.

11.3 Opstaantyd is om 06:00, wat ook deur ’n klok aangedui sal word, wanneer inwoners onmiddellik moet opstaan en sy/haar skooldrag aantrek.

11.4 Inwoners mag slegs met die toestemming van die koshuishoof of personeellid aan diens voor die lui van die oggendklok opstaan.

11.5 Inwoners kan by die koshuispersoneel aan diens toestemming vir ekstra studietyd soggens en/of saans vra. Die koshuispersoneel kan toestemming weier indien hy/sy reken dat die betrokke inwoner nie die gewone studietyd ten volle benut het nie.

12. Ander

12.1 Alle vorme van pornografie is streng verbode.

12.2 Inwoners mag nie in die gange hardloop, skree, fluit of ‘n onnodige geraas maak nie (selfone ingesluit). Radio’s en ander elektroniese toerusting is toelaatbaar slegs indien dit sag gespeel word.

12.3 Indien ’n inwoner om welke rede ook al nie betyds vir ’n bepaalde aktiwiteit gaan opdaag nie, moet die koshuishoof vroegtydig ingelig word.

12.4 Inwoners moet sorg dat hulle koshuiskamers altyd netjies en skoon gehou word.

12.5 Die enigste tyd wanneer ’n inwoner die skool- of koshuisterrein “sonder toestemming” mag verlaat, is gedurende algemene verlof om op ’n Woensdag, Vrydag en/of Saterdag winkels toe te gaan.

Inwoners mag vanaf 14:00-17:00 op Woensdae en Vrydae en/of 08:00-12:00 op Saterdae slegs die Berea- of Vincent-winkelsentrum besoek. Besoek aan enige ander winkels gedurende die week geskied na die goeddunke van die koshuisouers. Gedurende algemene verlof om na winkels toe te gaan moet inwoners skooldrag dra.

Geen leerder mag na Southernwood en Quigney toe gaan sonder toestemming van die koshuisouers nie.

12.6 Inwoners moet hulle van enige optrede weerhou wat die skool en/of koshuis se beeld sal skaad. Enige optrede wat die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van die koshuis onbillik benadeel, sal as ’n oortreding van hierdie gedragskode beskou word.

12.7 Laerskoolleerders mag onder geen omstandighede die koshuisgronde verlaat nie.

12.8 Skuldigbevinding deur ’n hof aan ’n strafregtelike oortreding sal as ’n oortreding van die koshuis se gedragskode beskou word.

12.9 Oortredings wat tot skorsing en/of uitsetting kan lei, sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- optrede wat ander se veiligheid bedreig en ander se regte skend;
- die dreiging met, of besit of gebruik van, gevaarlike wapens;
- die besit, gebruik, verhandeling of sigbare bewys van narkotiese of ongemagtigde dwelms, alkohol en bedwelmende middels van enige aard;
- bakleiery, aanranding, mishandeling, enige vorm van boelie;
- onsedelike gedrag of ’n gevloek;
- die aanneem of voorhou van ’n vals identiteit;
- enige vorm van haatspraak, seksisme, rassisme of ander antisosiale gedrag;

- diefstal of die besit van gesteelde goedere;

- onregmatige optrede teenoor en/of vandalisme, vernietiging of beskadiging van skooleiendom, wat die aanbring van graffiti sou insluit;

- oneerbiedigheid, aanstootlike gedrag en verbale mishandeling gerig teen opvoeders of ander skool- en koshuispersoneel of leerders en ander inwoners;

- herhaalde oortredings van skoolreëls of hierdie gedragskode;

- strafregtelike en onderdrukkende gedrag, soos verkragting en geslagsgebaseerde teistering;

- viktimisasie, afknouery en intimidasie van ander inwoners en

- opsetlike en bewuste verstrekking van vals inligting of die vervalsing van dokumente, ten einde onbehoorlike voordeel te bekom.

III. KOSHUIS: DISSIPLINÊRE BELEID

Sien “Gedragskode vir Leerders – Prosedure vir dissiplinêre optrede teen leerders”.

1. Dissiplinêre optrede

1.1 Minder ernstige oortredings

1.1.1 Kategorie 1: wangedrag

Enige oortreding van 1.5, 1.7, 1.8, 1.10, 3.1, 3.2, 5.1, 5.3, 6.2 tot 6.9, 8.1; 8.2, 8.4, 12.2 en/of 12.4 van die koshuisreëls.

In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings moet sodanige oortreding na ’n personeellid van die koshuis verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

a) ’n Mondelinge of skriftelike waarskuwing.

b) Skoolwerk onder toesig, wat tot die inwoner se vordering by die skool sal bydra én die skoolomgewing sal verbeter, met dien verstande dat die ouers betyds ingelig en die veiligheid van die kind verseker word.

c) Die uitvoer van pligte deur die oortreder ten gunste van die persoon/instansie wat deur die oortreding benadeel is (voorportaaldiens).

d) Opskorting van deelname aan skool- en/of koshuisaktiwiteite soos sport en kultuur (wat sosiale geleenthede insluit).

1.1.2 Kategorie 2: gedragsprobleme

Enige oortreding van 1.3, 1.9, 4.2 tot 4.6, 7, 9 en/of 11 van die koshuisreëls.

In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings moet sodanige oortreding na die koshuisouers verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

a) Enige van bogenoemde strafmaatreëls in 1.1.1(a) tot (d) waartoe die volgende bygevoeg kan word:

b) Uitsluiting van deelname aan sosiale geleenthede van die skool en of koshuis.

c) Ooreengekome, bekostigbare vergoeding.

d) Die herstel of vervanging van beskadigde eiendom.

e) Gemeenskapsdiens, voorportaaldiens of kombuis/tuindiens vir tot ses uur per dag oor naweke. Laerskoolleerders sal hulle straf op Woensdae of Donderdae uitvoer.

1.2 Ernstige oortredings

1.2.1 Kategorie 3: wangedrag

Enige oortreding van 1.2, 1.4, 1.6, 12.5 en/of 12.6.

In geval van die oortreding van enige van bogenoemde bepalings moet sodanige oortreding na die beheerliggaam se koshuiskomitee verwys word, wat by magte is om die volgende strafmaatreëls toe te pas:

a) Enige van die bogenoemde strafmaatreëls 1.1.1(a) tot (d) en 1.1.2(b) tot (d) waartoe die volgende bygevoeg kan word:

b) In geval van die oortreding van die gedragskode deur koshuisleiers:
Saam met of as alternatief vir bogenoemde, skorsing van pligte vir ’n tydperk, of afdanking en permanente verwydering uit die leiersamp in die koshuis.

c) Na afloop van ’n verhoor waarin enige inwoner skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die gedragskode, kan die beheerliggaam sodanige inwoner enige van voorvermelde strawwe oplê, of die inwoner skors, of aanbeveel dat die inwoner uit die koshuis uitgesit word.

1.2.2 Indien daar op slegs skorsing as ’n straf besluit word, kan die beheerliggaam/skoolhoof die tydperk van skorsing bepaal.

2. Hoe die dissiplinêre stelsel werk:

- Elke inwoner begin met 100 krediete elke kwartaal.
- ‘n Kwartaallikse verslag van elke inwoner se kredietstatus sal aan die einde van die kwartaal aan ouers gestuur word.
- Daar is drie kategorieë van oortredings nl.

  Kategorie 1-oortredings: herhaaldelike oortredings (gewoontes, herhaaldelik, minder ernstig) (1 strafpunt)

  Kategorie 2-oortredings: gedragsprobleme (disrespek, agterlosig, ongehoorsaam, oneerlik ens.) (10 strafpunte)

  Kategorie 3A-oortredings: ernstige oortredings (gevaarlik, beskadig, nie-moreel) (20 strafpunte)

  Kategorie 3B-oortredings: ernstige oortredings (gevaarlik, beskadig, nie-moreel) (40 strafpunte)

- Ouers sal in die geval van kategorie 3A- of 3B-oortredings in kennis gestel word.

Kategorie 1- en 2-oortredings:

- Junior inwoners (gr. 5-7) sal 30 min. voorportaaldiens, in volle skooldrag, doen op ‘n Donderdag of Woensdag vir elke strafpunt wat hy/sy in sewe dae ontvang het (1 week).
- Senior inwoners (gr. 8-12) sal 30 min. voorportaaldiens, in volle skooldrag, doen op ‘n Vrydag, Saterdag of Sondag vir elke strafpunt wat hy/sy in sewe dae ontvang het (1 week).

Kategorie 3-oortredings:

- Elke insident sal afsonderlik en op meriete beoordeel word.
- Die resultaat kan lei tot voorportaaldiens, tydelike skorsing of permanente skorsing uit die koshuis indien die dissiplinêre komitee dit goedvind.

3. Lys van oortredings:

<u>Kategorie 1: herhaaldelike oortredings</u> (1 strafpunt per oortreding)

A. Persoonlike higiëne, voorkoms en netheid:

1. Swak persoonlike higiëne, voorkoms en netheid (ongeskeer, slordige hare, vuil, lang naels ens.)

B. Kommunikasie en maniere:

1. Groet nie volwassenes nie, staan nie op vir volwassenes nie.
2. Bied nie hulp aan vir volwassenes nie.
3. Herhaaldelike oortredings (skeltaal, stamperig).
4. Swak tafelmaniere, raserig gedurende etes.
5. Gedragsprobleme (stoei, fluit, skree, hardloop in die gange, slaan deure toe, luister na harde musiek)

C. Kleredrag en trots:

1. Nie reg geklee vir die spesifieke geleentheid nie (dorp, sport, skool, etenstyd, kerk)
2. Onnet en vuil kleredrag (klere, sokkies, skoene ens.)
3. Enige juwele (hangertjies, oorbelle, armbande, ringe ens. saam met skooldrag gedra anders as wat die skoolreëls vereis).
4. Nie skoolbaadjie gedurende winter of Maandae vir saal dra nie.

D. Akademies en algemene oortredings:

1. Studeer nie tydens studietyd nie.
2. Steur ander leerders gedurende studietyd.
3. Laat vir etes, studietyd, skool ens.
4. Kamer onnet, nie reg vir inspeksie nie, nie teenwoordig tydens inspeksie nie.
5. Rusie met kombuispersoneel.

6. Daag nie op vir etes nie (alle inwoners moet etes bywoon ongeag of hulle eet of nie).
7. Lewer/gee wasgoed in sonder ‘n wasgoedlysie.
8. Klere is nie gemerk nie.
9. Woon funksies of sportbyeemkomste by, maar was te siek om die oggend skool toe te gaan (te siek vir skool = te siek vir funksies en sport).
10. Gaan, sonder toestemming, gedurende skooltye koshuis toe.
11. Los kasdeure ongesluit en ligte aan in die kamer.
12. Gaan draf alleen, gaan gimnasium toe sonder toestemming (loop in die donker op die rugbyveld rond ens.)
13. Teken nie uit in uittekenboek nie (ONS WIL ALTYD WEET WAAR JY IS) (Jy moet ook weer inteken).
14. Strooi rommel.
15. Verslaap in die oggende (DIE KLOK LUI BAIE DUIDELIK).
16. Nie in die bed na ligte uit nie (GEEN SELFONE NIE)
17. Maak ‘n geraas na ligte uit (GESELS, RADIO’S, SELFONE, LOOP ROND, STORT, BESOEK DIE TOILET TUSSEN 22:00 EN 23:00).
18. Sit nie die kamerligte af wanneer die kamer verlaat word nie.
19. Nog steeds in skooldrag sonder enige rede.
20. Stort na 6:00 in die oggende, gedurende studies of na ligte uit.
21. Speel in die ontspanningsaal voor ontbyt, gedurende studietye of na 21:30.
22. Daag nie op, of is laat, vir enige reëlings (kerk, vervoer, hektye, voorportaal- diens ens.)
23. Is in die besit van medisyne sonder die medewete van die koshuisvader en/of matrone.
24. In die besit van koshuisborde, -messe, -vurke, -bekers ens.
25. Klagte vanaf die skoolpersoneel dat inwoners nie huiswerk en/of opdragte by die skool uitvoer nie.
26. Op die rugbyveld of enige verbode terrein sonder toestemming.
27. Dek nie die tafels af na etes nie.

28. Agterlosigheid (skooltassse in die gange of by die eetsaal, boeke in die studiesaal, handdoeke in die badkamer ens.)
29. Speel in die ontspanningsaal sonder enige toestemming.
30. In besit van ketels, strykysters, elektroniese apparate, verwarmers ens. sonder die medewete van die koshuisouers.
31. Inwoners word op verbode terrein gevind by die koshuis, skool of seuns- of meisiekant.
32. Hang wasgoed op die diefwering, in die vensters.
33. Sit in “donker areas” in die aand.
34. Sit, en kuier, in ‘n motor saam met vriende.
35. Nie in eie kamer na 21:30 (stiltetydklok) nie.
36. Mors elektrisiteit (vergeet elektriese toebehore aan).
37. Sit ongemerkte klere in die wasgoedsak.
38. Word nie deur ‘n volwassene uitgeteken nie.
39. Gaan haal nie kos wat spesiaal uitgehou word nie (inwoner is ingeteken vir aandete). Die inwoner reël dat hy/sy gaan laat wees van ‘n sport- of kulturele geleentheid maar hy/sy gaan haal nie sy/haar kos nie).

<u>Kategorie 2-oortredings: gedragsoortredings</u> (10 strafpunte per oortreding)

E. Ongehoorsaam:

1. Luister nie na gesag (prefek, personeel aan diens, koshuisvader, matrone ens.).
2. Ongeskik teenoor gesagsfigure.
3. Arrogant.
4. Ignoreer gesagsfigure (draai om en loop weg).
5. Ongehoorsaam.
6. Skeltaal, aggresiewe taal teenoor enige persoon .
7. Sarkasties teenoor volwassenes (op ‘n lelike en onvanpaste manier).
8. Disrespekvol:

a. klik van tong,

b. suig lug deur tande,

c. parmantigheid,

d. noem personeel op name, bynaam en vanne (bv. “mnr. Koorsen”, nie net “Koorsen” nie),

e. wys handgebare of na-aap personeel en/of prefekte agter hulle rug.

9. Oneerlik (jok ens.).
10. Bedrieg enige inwoner.
11. Doen nie diens nie (veral prefekte).
12. Hits aan of terg enige persoon.
13. Ongemanierde optrede tussen ‘n seun en ‘n meisie (staan tussen mekaar se bene, lê op mekaar, druk mekaar die heeltyd ens.)
14. Verbode terrein (personeel se woonstelle of kamers, waskamer, kombuis, in enige kamer sonder toestemming ens.)
15. AWOL (gaan dorp toe sonder toestemming)
16. Gaan swem sonder toestemming in die skoolswembad.
17. Gaan swem sonder die teenwoordigheid van ‘n gr.12-leerder (verkieslik ‘n prefek)
18. Kantel ‘n ander inwoner se bed om.
19. Gaan besoek ‘n ander kamer na ligte uit.
20. Gaan besoek ‘n privaat huis (vriende) sonder toestemming.
21. In besit van vuurwerke of enige item wat ‘n brandgevaar inhou (bv. kerse)
22. Maak of jy siek is.
23. Bank kerk of studie.
24. Maak ‘n gemors in enige van die kamers.
25. Speel met die brandblusser (die ouer sal vir die vol maak van die brandblusser verantwoordelik gehou word).
26. Kuier met ‘n meisie of seun op die trappies by ingange van die koshuis of in die voorportaal.

<u>Kategorie 3A-oortredings: ernstige oortredings</u>

(20 strafpunte per oortreding en skriftelike waarskuwing)

F. Ernstige oortredings:

1. Sluipweg na ‘n ander koshuis, dorp, privaat huis of winkels toe (weeksdae of naweke, na aandete of na ligte uit)
2. Wangedrag in enige bus of motor.
3. Bestuur enige voertuig sonder toestemming.
4. Ry saam met enige ander skolier of persoon jonger as 21 jaar sonder enige toestemming.
5. Bank skool.
6. Doen ‘n persoon ernstige beserings aan.
7. Diefstal.
8. In besit van gevaarlike wapens.
9. Rook of in besit van sigarette, tabak ens.
10. In besit van pornografiese materiaal.
11. Enige vorm van rassisme.
12. Enige vorm van bendebedrywighede.
13. Diskriminasie in enige vorm.
14. Onwettige oopmaak van slotte.
15. Verkoop van goedere op koshuisterrein vir eie gewin.
16. Ontbloting.

Enige ernstige oortreding kan bygevoeg word.

<u>Kategorie 3B-oortredings: ernstige oortredings</u>

(40 strafpunte per oortreding en skriftelike waarskuwing)

G. Ernstige oortredings:

1. Ontgroening
2. Vandalisme van ‘n ernstige aard.
3. Gebruik of in besit van alkoholiese verversings.
4. Gebruik of in besit van dwelms (smokkel met dwelms).
5. Onaanvaarbare seksuele gedrag.
6. Aggressiewe gedrag (baklei).
7. Enige ernstige oortreding kan bygevoeg word.